

Nuusbrief 201

19 Februarie 2016



Beste Lede,

KENNISGEWING VAN 1^{ste} RONDTE SAWPA-STREEKVERGADERINGS VIR 2016

Lede word hiermee in kennis gestel van die eerste SAWPA-streekvergaderings vir 2016 wat sal plaasvind op die datums en plekke soos hieronder aangedui. Lede wat 'n besprekingspunt formeel tot die agenda wil voeg, moet die besprekingspunt aan ons stuur en ook aandui of dit tot streekverband of in nasionale belang is. Indien voorbereiding aan SAWPA se kant vereis word, moet u die nodige agtergrondinligting saam met die agendapunt stuur.

Streekvergadering tye en plekke

Limpopo	9 Maart 2016	Pietersburg Club , 119 Suid Str, Polokwane
Suid en Oos-Kaap	11 Maart 2016	NNMU Saasveld Kampus, George
Gauteng	14 Maart 2016	Shumba Valley Lodge – Pelindaba weg, Lanseria
Mpumalanga	16 Maart 2016	Forever Resort Hotel en Konferensiesentrum, Badplaas
KZN	18 Maart 2016	Victoria Buiteklub, Pietermaritzburg
Western Cape	22 Maart 2016	Bosbou en Houtkunde Department, Universiteit van Stellenbosch

Alle vergaderings begin reeds 10:00.

Ligte verversings sal vooraf beskikbaar wees en middagete sal na afloop van die vergadering bedien word.

Laat weet asseblief vir Sue by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za indien u beplan om die vergadering/s by te woon sodat ons voldoende reëlings kan tref.

WYSIGING TOT SEKTORALE LOONVASSTELLINGS VIR BOSBOUWERKERS

Lede met bosboubelange (groeiers) moet kennis neem dat die sektorale vasstelling vir bosbouwerkers gewysig is deur kennisgewing 138 van 3 Februarie 2016. Die nuwe minimum loon vasstelling wat vanaf 1 Maart 2016 effektief is, vereis dat werkgewers hul bosbouwerknemers ten minste teen die volgende minimum lone moet betaal.

Minimum loontariewe vir werknemers in die Bosbousektor vir die periode 1 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017		
Maandeliks	Weekliks	Uurliks
R2 778.83	R641.32	R14.25

Die voorgeskrewe minimum lone vir die 2017 en 2018 jaarlikse verhogings is ook ingesluit in die kennisgewing.

Minimum loontariewe vir werknemers in die Bosbousektor vir die periode					
1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018			1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019		
Maandeliks	Weekliks	Uurliks	Maandeliks	Weekliks	Uurliks
Vorige jaar se minimum loon + VPI* + 1%			Vorige jaar se minimum loon + VPI* + 1%		
* Die VPI wat gebruik moet word, is die beskikbare VPI, uitgesluit die eienaar se ekwivalente huur, soos deur Statistieke Suid-Afrika vrygestel ses weke voor die verhogingsdatum.					

NASIONALE BEDINGINGSRAAD VIR DIE HOUT- EN PAPIERSEKTOR – VERLENGING VAN DIE PERIODE ASOOK DIE UITBREIDING VAN DIE KOLLEKTIEWE OOREENKOMS TOT NIE-PARTYE

Al is SAWPA nie 'n geregistreerde werknemersorganisasie nie en is die dryf van werknemer- en arbeidsverwante sake nie binne ons konstitusionele mandaat nie, streef ons steeds daarna om ons lede op hoogte te hou van enige nuwe verwickelinge wat 'n moontlike gevolg op ons lede se besigheidsbelange mag hê. Lede word hiermee in kennis gestel dat die Kollektiewe Ooreenkoms t.o.v.

Despuutresolusieheffings- en registrasie van Werkgewers in die Hout- en Papiersektor, oorspronklik in 2006 gepubliseer (en herhaaldelik daarna verleng), verder tot 31 Desember 2018 verleng is. Die verlenging beïnvloed nie net die periode nie, maar ook die magte oor alle nie-partye tot die ooreenkoms. Kennisgewings 38 en 41 van Staatskoerant Nr.39610 is op 22 Januarie 2016 gepubliseer.

Volgens 'n mening ingewin van 'n dispuutresolusepraktisyn, impliseer die uitbreiding en verlenging dat nie-partye aan die ooreenkoms van die Bedingingsraad moet voldoen en bydra tot die Nasionale Bedingingsraad vir die Hout- en Papiersektor. Dit is egter van belang om kennis te neem dat die uitbreiding tot nie-partye deur die Minister, d.m.v. seksie 32 van die Arbeidswetgewing, 'n aangevare saak is en dat daar tans verskeie organisasies en groepe in ander sektore is wat dit teenstaan weens die onbillikheid en onkonstitusionele aard daarvan.

PROMOSIE IN DIE LANDBOUBEDRYF

In ons vorige nuusbrieff het ons 'n opsomming van ons 2015 promosie- en advertensiewerk gegee. Ons is bly om u in kennis te stel dat ons die promosievoetspoor van SAWPA verder in die landboubedryf uitgebrei het deur die plasing van banieradvertensies op beide die Farmers Weekly- en die Landbouweekblad webtuistes sedert onderskeidelik Desember 2015 en Januarie 2016. Die banieradvertensies is ontwerp om op die onderskeie blaaie van die webtuistes te roteer sodat gereelde en aaneenlopende blootstelling is aan die advertensies. Wanneer die besoeker op die advertensie klik, word hy of sy deurgeskakel na, of die SAWPA tuisblad, of die SAWPA lede inligtingblad. Ons vertou dat die blootstelling die bewusmaking van verduursaamde hout en die gebruik daarvan sal bevorder en vergroot in die landbousektor. Alhoewel advertensies op die elektroniese platforms meer en meer die maatstaf word, was die hoofrede vir ons besluit, in stede van populere gedrukte weergawes, hoofsaaklik toe te skryf aan koste oorwegings wat ons begroting beter pas.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste in Desember 2015 en Januarie 2016 was onderskeidelik 20668 en 24696.
- WoodEX for Africa 2016: Lede wat beoog om deel te neem of die skou te besoek wat van 9 tot 16 Junie plaasvind kan die webtuiste www.woodexforafrica.com

besoek vir meer inligting. SAWPA het reeds uitstalruimte bespreek en hoop ook om van ons lede by die skou te sien.

- **WAARSKUWINGSETIKETTE:** Ons het kennisgeneem van vermindering van versoeke van ons lede vir die waarskuwingsetikette. Ons wil graag weer die lede versoek om pro-aktief en voorbereid te wees en die rolle by ons aan te vra. Die rolle is gratis beskikbaar aan lede. Die aanbring van waarskuwingsetikette sal 'n vereiste word sodra die hersiende weergawe van SANS 10005 gefinaliseer is en sal dus nie bloot meer 'n aanbeveling wees nie.
- SAWPA wil graag al die lede bedank wat ons bygestaan het met die bydraes vir paalmonsters. Die monsters wat vir navorningsdoeleindes geskenk is, is deel van 'n projek wat deur die Universiteit Stellenbosch namens SAWPA gedoen word en die monsters het Stellenbosch reeds op die 12de Februarie veilig bereik.



BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.